HAARSTYLE: Lang hare (ook Afrika verlengings) MOET vasgebind word sodra dit oor kraagrand hang. Geen kapsels, fratsstyle of jelbehandelde hare nie. Hare moet vasgebind, gevleg of kort geknip wees. Slegs helderrooi bolletjies, haarbande (nie breër as 3cm, mag nie blomme of ander versiersels hê nie), haarlinte of pofrekke. Geen sierknippies, kammetjies of gedraaide woltooisels nie. Silwer haarknippies word toegelaat. As kuif oor wenkbroue hang moet dit met knippies weggesteek word. Kuif mag nie sig belemmer nie. Hare mag onder geen omstandighede gekleur word nie. Sonstrepe is ook nie toelaatbaar nie. Wenkbroue en wimpers mag nie getint word nie.
ALGEMEEN: Slegs klein goue of silwer knoppies of ringetjies in die ore. Slegs seëlringe en horlosies word toegelaat. Geen naellak word skool toe gedra nie – ook nie op die toonnaels nie. Slegs een oorbel per oor, op die oorlel. Geen grimering van enige aard word toegelaat nie. Kleurlose lipsalf. Naels moet kort en skoon wees.
GEEN BANDE OM DIE ARMS NIE (SLEGS MEDIESE HANGERTJIE/ ARMBAND)